# BEPLANNINGSKWESSIES VAN DIE 1990'S

**CHRISTO KANNENBERG**

Met die aanvang van 1990 gaan ons 'n dekade binne wat groot nuwe uitdagings voor die deur van die Stads- en Streekbeplanningsberoep sal lê. Verstedeliking sal steeds groter druk op die omgewing, infrastruktuur en beskikbare kapitaalbronne plaas, terwyl stygende opvoedkundige standaarde 'n groter bewuswording van omgwingskwessies tot gevolg sal hê. Hierdie hoër opvoedingspeil sal ook daartoe lei dat die publiek toenemend op groter inspraak in die beplanningsproses sal aandring.

Verstedeliking, die omgewing en gemeenskapsbetrokkenheid in die besluitnemingsproses kan as die belangrikste beplanningskwessies van die volgende dekade beskou word. Hierdie kwessies is interafhanklik en meestal deel van dieselfde proses, maar word hier afsonderlik bespreek in 'n poging om die belangrikheid van elke element te beklemtoon.

## VERSTEDELIKING

Die bevolkingsontploffing en die gepaardgaande verstedeliking wat tans in Suid-Afrika plaasvind, is seker die grootste uitdagings waarmee ons oor die volgende dekade en daarna te make sal hê. Volgens projeksies sal ons bevolking oor die volgende 10 jaar van die huidige ongeveer 37 miljoen tot ten minste 47 miljoen toeneem, waarvan sowat 79% swart sal wees.

In die PWV-gebied sal die ekwivalent van nog vier Soweto's voor die jaar 2000 gebou moet word en in Groter Kaapstad sal vir minstens nog drie Khayelitshas oor dieselfde termyn voorsiening gemaak moet word. Die afskaffing van die groepsgebiedewet sal nie noodwendig 'n invloed hierop hê nie aangesien die omvang van die probleem en die ekonomie van skaal tot gevolg sal hê dat die laagste inkomstegroepe steeds in groot erf-en-diensskemas gehuisves sal moet word. Dit is egter nie net ons metropolitaanse gebiede wat hierdeur beïnvloed sal word nie, aangesien migrasie in spronge na die groot stede plaasvind. Plattelandse dorpe sal ook groei ondervind, en in die Kaapprovinsie sal bruin werkers wat na die stede verhuis het, al hoe meer deur swartmense vervang word.

Navorsing wys daarop dat sowat 5,2 miljoen swart matrikulante oor die volgende 10 jaar deur ons skole gelewer sal word. Die huidige ongeveer 5,5 miljoen werkloses sal tot ongeveer 8 miljoen toeneem aangesien die bevolking teen 'n baie hoër koers groei as wat werkgeleenthede geskep kan word. Grootskaalse armoede sal dus 'n lewenswyse by 'n groot gedeelte van ons bevolking bly.

Nuwe intrekkers in die stede sal toenemend in agterplase en in nuwe erf-endiensskemas plak. Hierdie ontwikkeling sal steeds die verantwoordelikheid van die owerhede bly aangesien die privaatsektor nie op hierdie vlak 'n betekenisvolle bydrae kan maak nie. Selfs erf-en-diensskemas sal vir 'n groot gedeelte van die bevolking onbekostigbaar bly, maar sal voorsien moet word om aan die basiese behoeftes van die mense te voldoen en om gesondheidsgevare die hoof te bied.

Die bevolkingsgroei en verstedeliking sal nie net groot druk op infrastruktuur soos munisipale dienste, vervoer- en gesondheidsdienste plaas nie, maar ook 'n groot hap uit die jaarlikse onderwysbegroting neem. Fondse vir alle nie-noodsaaklikhede sal dus al hoe skaarser word. Dit is dus van die uiterste belang dat deregulering op alle vlakke sal plaasvind om die informele sektor aan te moedig en werkskepping te vergemaklik.

## DIE OMGEWING

Oorsee het omgewingskwessies al politieke status verwerf met "Groen" partye wat om parlementêre setels meeding. In SuidAfrika word ook reeds 'n groter bewuswording van omgewingskwessies waargeneem en dit kan verwag word dat die openbare mening nie meer enige vorm van omgewingskending sal toelaat nie.

Die grootskaalse verstedeliking sal egter toenemend druk op ons omgewing plaas. Nie net krimp natuurgebiede reeds onder die druk van ontwikkeling nie, maar die groter stormwaterafloop in ons stedelike gebiede bedreig ekologies sensitiewe vleie en rivier met besoedeling en lei tot groter druk om rivierlope in betonkanale te dwing.

Die energiebehoeftes van ons groeiende bevolking dwing mense om vuurmaakhout op 'n al hoe groter skaal te verbrand. Dit beteken dat plantegroei uitgeroei word, wat weer gronderosie tot gevolg het. In sommige van ons stedelike gebiede lei hout en steenkoolvure tot van die ergste lugbesoedeling ter wêreld.

Die koste van die elektrifikasie van selfs stedelike plakkerskampe sal dus uiteindelik teenoor omgewingskwessies opgeweeg moet word. 'n Stelsel van vooruitbetaalbare elektrisiteitsmeters en kredietkaart-tipe koepons sal hiervoor oorweeg kan word. Om koste tot die minimum te beperk, sal slegs een of twee kragproppe en 'n lig op 'n sentrale punt in die huis aangebring word en die huis sal dus nie volledig bedraad hoef te word nie, maar die gemeenskap sal sodoende tog tot 'n skoner, meer doeltreffende energiebron toegang kan verkry.

'n Onbesoedelde omgewing is ook noodsaaklik vir die bevordering van toerisme. Toerisme word allerweë as 'n groot toekomstige verdiener van buitelandse valuta beskou en kan 'n groot bron van werkgeleenthede in Suid-Afrika word. Ons moet dus versigtig wees dat die gans wat die goue eiers lê, nie deur omgewingskending vernietig word nie.

Die owerhede sal dus onder toenemende druk geplaas word om alle beplannigsvoorstelle en aansoeke vir ontwikkeling met groter omsigtigheid te oorweeg. Die Raad vir die Omgewing se onlangse voorstelle ten opsigte van geïntegreerde omgewingsbestuur sal dus 'n al hoe groter rol speel. Die doel van hierdie bestuurstelsel is om seker te maak dat omgewingsoorwegings op alle stadiums van die ontwikkelingsproses in ag geneem word. Groter kundigheid en meer volledig gemotiveerde ontwikkelingsvoorstelle sal dus al hoe meer 'n noodsaaklikheid word.

## GEMEENSKAPSBETROKKENHEID

Stads- en Streekbeplanning en -ontwikkeling raak die belange van die totale gemeenskap aangesien dit vorm gee aan die omgewings waarin ons woon, werk en ontspan. Die publiek kan dus met reg daarop aanspraak maak om in hierdie verband ook aan die besluitnemingsproses deel te neem.

Die Suid-Afrikaanse publiek het tot betreklik onlangs nog die indruk geskep dat daar by hulle min belangstelling bestaan om 'n onderdeel van die beplanningsproses te vorm. Grootskaalse verstedeliking en 'n groter bewuswording van die omgewing is egter besig om hierdie houding te verander. Beplanningsbesluite sal al hoe moeiliker sonder die gemeenskap se steun uitgevoer kan word.

Sommige owerhede en beplanners beskou gemeenskapsbetrokkenheid nog as 'n negatiewe faktor, maar dit kan ook as 'n positiewe krag in die beplanningsproses aangewend word. Indien dit reg gehanteer word, kan gemeenskapsbetrokkenheid tot gevolg hê dat beplanningsvoorstelle beter by die spesiale omstandighede van elke gemeenskap sal pas, sodat die voorstelle makliker aanvaar en uitgevoer kan word.

Dit moet egter beklemtoon word dat daar 'n verskil tussen gemeenskapsbetrokkenheid en advertensies bestaan. "Gemeenskapsbetrokkenheid" betrek die gemeenskap op 'n vroeë stadium van die beplanningsproses sodat Jan Publiek ook 'n invloed op die formulering van die voorstelle kan hê. Dit verseker dat die gemeenskap medeverantwoordelikheid vir die plan aanvaar. Die ondervinding het geleer dat slegs 'n klein persentasie van kommentare wat ontvang word, werklike groot veranderings aan die plan noodsaak, maar dat die "meelewing" van die publiek van die uiterste belang is.

"Advertensies" bestaan gewoonlik uit die kennisgewings wat deur wetgewing voorgeskryf word en die publiek uitnooi om beswaar te maak of kommentaar op voltooide planne te lewer. Hierdie metode veroorsaak in baie gevalle 'n negatiewe reaksie by die publiek omdat dit 'n "ons" en "hulle" persepsie skep wat mense die gevoel gee dat hulle slegs met "die finale voorstelle" gekonfronteer word. Menige plan sal nog op hierdie wyse die stof byt.

Wetgewing beskryf gewoonlik die minimum vereistes vir gemeenskapsbetrokkenheid. Niks verhinder owerhede egter om na groter openbare deelname te streef nie. Ingeligte owerhede sal al hoe meer van hierdie proses gebruik maak om meer aanvaarbare beplanningsvoorstelle vir beide die eerste- en derdewêreldse komponente op te stel en tot uitvoering te bring.

## SLOT

Hoe is dit moontlik om die eise wat verstedeliking, die omgewing en gemeenskapsbetrokkenheid stel, met mekaar te versoen? Een metode is om 'n gepaste beplanningsraamwerk daar te stel. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op ons beroep.

'n Plaaslike owerheid wat oor 'n goedgekeurde struktuurplan en toepaslike beplanningsregulasies beskik, is reeds goed toegerus om hierdie uitdagings die hoof te bied. 'n Struktuurplan skep 'n beleidsraamwerk waarvolgens beplanningsbesluite op 'n rasionele basis geneem kan word en toepaslike beplanningsregulasies behoort deregulering te bevorder. Daar is egter 'n paar belangrike voorwaardes: Die beplanningsproses moet 'n deeglike omgewingstudie insluit en alle voorstelle moet saam met die gemeenskap geformuleer word. Beide die biofisiese en sosio-ekonomiese omgewings moet deeglik aandag geniet.

Die Stads- en Streekbeplanner se breë opleiding en holistiese benadering behoort hom goed vir hierdie taak toe te rus. Ons verantwoordelikheid lê daarin dat ons die langtermyn gevolge en onderlinge verband van besluite onder die aandag van die betrokke owerhede moet bring en dat ons daarna moet streef om die publiek behoorlik in te lig. Die etiese kode wat onlangs deur die Raad aanvaar is, skryf dit inderwaarheid voor. Selfs al het so 'n kode nie bestaan nie, behoort ons innige oortuiging ons nogtans nie toe te laat om anders op te tree nie.

Die volgende dekade sal dus nuwe eise aan ons almal stel, maar indien ons die uitdagings op 'n professionele wyse benader, kan dit net tot 'n hoër lewenskwaliteit lei wat ook vir die volgende geslag 'n toekoms sal verseker.